SW: GESKIEDENIS


- **HANDEL**
- **GODSDIENS, MEDISYNE en GENESING**

**WEEK 10:** 25 JUNIE 2020


# Graad 5

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# HANDEL




Handel is wanneer mens goed koop en verkoop.
Mense dryf handel om goed te kry wat hul nodig het.
Boeregemeenskappe het nie geld gebruik nie.
Hierdie manier om handel te dryf word, **RUILHANDEL** genoem.
Die pryse van ruilhandel was in die voorwerpe.
Deesdae word pryse van goed in geldwaarde vasgestel.
Mense het ook koper en yster vir kos, diere en pottebakkerswerk verruil.
Eers het mense met hulle bure handel gedryf. Later het mense met mense wat verder weg was, handel gedryf.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# GODSDIENS, MEDISYNE en GENESING



Afrika-boere het geglo dat die siel voortleef wanneer die liggaam sterf, maar in ‘n ander vorm. Die siel het, volgens hulle, deel van die geesteswêreld geword as voorouers wat oor mense waak. Ou mense is met groot respek behandel, want hulle sou binnekort voorouers wees en sou beter weet wat die voorouers wou hê as die jong mense.



**Genesers** was spesiale mense wat lank spesiale opleiding ontvang het. ‘n Geneser is deur die voorouers gekies en het ‘n **geestelike roeping** gehad. **Genesers** is ook **sangomas of nyangas** genoem.
Hulle het noue kontak met die voorouers gehad. Hulle het uitgevind watter siekte dit was en mense gehelp om beter te word.



‘n Geneser was soms ook ‘n **kruiedokter**.
Soms het ‘n geneser net met ‘n kruiedokter saamgewerk om pasiënte met plantmedisyne te behandel. ‘n **Kruiedokter** het ‘n baie goeie kennis gehad
genesende eienskappe het.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

**OPDRAG:**

LAERSKOOL MIKRO

**Skryf die volgende 3 sinne oor op jou lyntjiespapier:**

1. **Ruilhandel** is wanneer jy goedere ruil met mekaar.

2. **'n Kruiedokter** is 'n persoon wat baie **goeie kennis** het van **plante** met **genesende eienskappe**.

3. '**n Voorouer** is 'n persoon wat dood is en na die **wêreld van die geeste** gegaan het om daarvandaan oor die familie en gemeenskap wat op aarde agtergelaat is, **te waak**.

4. **'n Sangoma** is 'n persoon wat **siektes kan diagnoseer en mense help om beter te word**.



**BOEGOEPLANT om MAAGPYN, SEER BENE en RUGPYN te behandel.**




**KANKERBOS om KANKER, LEWER en HARTPROBLEME te BEHANDEL**



**SANGOMA**

Laerskool Mikro Kopiereg ©



# LEESWERK

Graad 5's ons is nou klaar met die **SW: GESKIEDENIS** se Module 6. Nou lê daar 'n bietjie hersiening voor!

In week 11 wat volg gaan jy **nie formele werk in enige vakke kry nie**, daarom wil ek hê jy moet jou SW handboek neem en die volgende bladsye vir my goed deurlees.

**Leeswerk (slegs inhoud GEEN aktiwiteite):**
**p.130,131,132,133,134,135,136,137,138,139,142,143 en 144**

Die komende weke wat volg gaan ons **hersiening** doen van Module 6 !!!



Laerskool Mikro Kopiereg ©